

MIDBRAK BELASTINGBETALERSVERENIGING & BEWAREA

NOTULE VAN VERGADERING GEHOU OP WOENSDAG, 6 MEI 2015 OM 13:00 BY DIE REEBOK GEMEENSKAPSAAL

NOMMER 04/2015

1. OPENING EN VERWELKOMING

Johann Muller open met gebed. Die voositter verwelkom almal teenwoordig in besonder Raadsheer Kalie Smit, Bewarea besoekers, Stella Thorpe en Moira Logie.

2. PRESENSIELYS EN VERSKONINGS

2.1 Teenwoordig

Anton Dellelijn	Voorsitter	Tergniet
Des Muller	Ondervoorsitter	Riverside
Lavinia Lunow		Fraaiuitsig
Johann Muller	Suid van Spoorlyn	Reebok
Johan Lotter	Noord van Spoorlyn	Reebok
Len Rauch		Tergniet
Frik Nel		Reebokrif
Pieter le Roux		Kleinbrak
Ray Saul		Reebokhoogte
Mike Wray	Bestuurslid	Tergniethoogte
Wendy Wiles		Bewarea
Annatjie J van Rensburg	Sekretaresse	Eureka Park

2.2 Op uitnodiging

Raadsheer Kalie Smit	Raadslid – Wyk 4
----------------------	------------------

2.3 Afwesig met verskoning

Raadslid Gibo Gerber	Raadslid - Wyk 5	
Rozain Hansen	Munisipaliteit	
Frans de Graaff	Munisipaliteit	
Kruger de Wet		Reebokhoogte
Donovan Claassen		Toekoms
Charl de Wet		Kleinbrak
Charl Coetzer		Fraaiuitsig
Jorrie Jordaan		Suiderkruis
Lydia Havenga		Bewarea
Terry Terblanche		Riverside
Ann Pretorius		De Lange Uit

3. LIEF EN LEED

Raadsheer Kalie Smit word hartlik gelukwens met sy verjaarsdag op 14 Mei 2015.

4. GOEDKEURING VAN NOTULE VAN VORIGE VERGADERING

Notule word goedgekeur deur Raadsheer Kalie Smit, gesekondeer deur Johann Muller.

5. NUWE SAKE VIR BESPREGING

5.1 Midbrak Ontwikkeling R102/N2 Terugvoer.

Geen aansoeke is ingedien nie. Raadsheer Smit meld dat aansoeke eers na Raadslede verwys en voorgelê word. Daar is 'n 5 jaar hersieningsplan. Plaas op Aktiwiteitslys vir November 2015.

5.2 Erf 264 en 271, Reebok (vordering van eiendomsreg)

'n Skrywe sal aan Munisipaliteit gerig word om navraag te doen oor die vordering van die eienaarskap oordragproses. Raadsheer Smit maak dit duidelik soos eienaarskap bepaal word en eiendom in Mosselbaai Munisipaliteit se naam is, dan kan besluit wat daar gedoen moet word. Eienaarproses moet eers deurgevoer word. Plaas op Aktiwiteitslys vir September 2015.

5.3 Gordoniaweg

'n Versoek is ontvang oor sekuriteitsgevaar by die groenstrook wat grens aan Spoorweg se gronde, (langs treinspoor) in Gordonia Straat dat dit gesny en skoongemaak moet word. Johan Lotter beaam die inwoners voel baie sterk oor die saak. Johann Muller maak melding van PetroSA se bydrae. Voorsitter stel voor te same met SAP en Buurtweg skrywes kan die saak voortgaan as motivering vir skoonmaakproses in die gebied. MBBV & B sal ook brief stuur,

5.4 Nuwe Gebou op R102 pad

Die gebou hv Leanies Kwekery en R102 is 'n nuwe Riool-aansluiting substasie. Kalie gee terugvoering dat voorlegging ontvang is en gesprekvoering het plaasgevind. Die koste beloop ongeveer R70m vir die projek vir die hele area. Dit behels 3 tot 4 substasies. Die gedagte is om projek in fases te voltooi. Die inligting sal aan Wykskomiteelede versprei word. Die voorsitter beklemtoon dat interaksie en kommunikasie baie belangrik is.

5.5 Hildegardestraat

'n Klage van baie slaggate en gruis in die pad is kommerwekkend. Herseëlwerk is 'n sterk aanbeveling en was al op vorige Munisipale herseellyste gewees. 'n Skrywe met die versoek sal aan Munisipaliteit gerig word.

6. SAKE VOORTSPRUITEND UIT VORIGE NOTULE

6.1 Bouversele/Erwe

Aliwal Noordstraat is skoongemaak. 'n Versoek aan die Munisipaliteit sal gerig word om Seashellstraat en Kaaimansstraat skoon te maak. Die twee bouinspekteurs in Munisipaliteit is Abdul Coleridge en Frans de Graaff in die gebied.

Koraalsingel 43 se terugvoer is al geruime tyd uitstaande. Skrywe sal gerig word.

6.2 Sloot: tussen R102 & Eureka Park

Die voorsitter stel voor dat versoek vir skoonmaak, aan die Minister gerig moet word. Plaas op aktiwiteitslys tot Augustus 2015.

7. BYWONING MUNISIPALE KOMITEEVERGADERINGS

Len gee terugvoering waar hyself, Annatjie en Lavinia in April 2015, teenwoordig was. Die Belastingbetalersvereniging is gekomplimenteer met hul deurlopende teenwoordigheid by die Munisipale Komitee en Raadsvergaderings. Anton Dellelijn en Des Muller sal die volgende Komiteevergadering op 13 Mei 2015, bywoon.

8. WYKSKOMITEES

Raadsheer Kalie Smit bespreek die laaste fases van Konsep Begroting wat behandel is. Die volgende is die voortvloei vir die vorm van 'n Wykskomitee Forum samestelling. Daar word 'n trappie hoër beweeg. Wykskomiteede sal bymekaarkom en olv Speaker, sake deurgaen.

9. PROJEKTE

9.1 Verkeerstekens, ontbrekende straatname, spoedbeperkings/-monitering.

'n Skrywe is aan die Komiteede gerig vir enige punte om op Sakelys te plaas. Geen sake vir aandag is ontvang nie.

9.2 Hersiening van Straatname en Kartering van nuwe uitbreidings

Len stel voor dat hy die proses wil toets. Hy doen navraag oor 'n skrywe gedateer 27 Oktober 2014, wat saamgestel is. Die voorsitter sal navraag doen oor die epos en waar dit tans is.

9.3 Skoonmaak van erwe

Soos behandel by Punt 7.1

10. FINANSIES

Voorsitter doen verslag dat Finansies onveranderd is. 'n Bedrag van R30.00 is van mnr Van der Westhuizen ontvang. Dank en waardering vir al die getroue bydraes. **Bewarea** se gelde volgens Frik is ook onveranderd.

11. POLISIËRING/BUURTWAG

Len lewer verslag oor 'n baie goeie vergadering wat met buurtwag komiteede gehou is. Johann Muller (Voorsitter GBR GPF) deel vergadering mee dat spreiligte by SAP Grootbrak aangebring is. 'n Nuwe polisiebeamte, A/O Coetzee en sy vrou is in-verplaas tot voordeel van die gebied. Eerste langnaweek is 16 mense toegesluit. Daar is nog kommer oor die inbrake. Dit is verblywend hoeveel SAP voertuie rondry in die area. Johann bedank Anton vir sy groot bydrae. Johann en Anton gee terugvoering oor die besoek tydens 'n 'Human traficing' Inligtingsvergadering in Mosselbaai wat hulle bygewoon het.

12. BEWAREA

Wendy vra vir die skoonmaak van Gordonia, Koedoe en Impalaweg. Vullishouers is vol wat aangemeld sal word. Wendy deel breedvoering die vergadering mee oor Tuinroete Casino befondsing Projek van R400 000 waarvoor die bewarea moet

aansoek doen. Voorsitter stel voor dat Johann Muller vir Wendy sal behulpsaam wees met kwotasies vir die skoonmaak van die staproete. Anton, Des en Wendy sal Maandag bymekaar kom om die voorleggings aftehandel

13.1 PROJEKTE

13.1.1 Groenstrook Grysbok/Impala Straat

Die deel sal vir skoonmaak weer onder die aandag van Munisipaliteit gebring word.

13.1.2 Skilpaaie Projek

Projek in proses met borde.

13.2 Rivier Forum Kleinbrakrivier

- 'n Versoek word gerig dat braaiareas te Olkersweg Kleinbrakrivier aandag moet kry. Die Pad is op 2de fase van GOP.

- 'n Voorstel is ingedien, dat die paadjie na Kusweg vanaf kleinbrak 'n vrag of twee gruis kan kry om gelyk te hou.

- Uilhuse en borde is bespreek.

- Anton doen verslag oor die Rivier Forum vergadering nl Voorlegging deur Enrico Gemari (Oceans Research) dra sy kennis van Haaie in Kleinbrak se rivier oor. Haaie het 'n 'sensor' implanting en publiek moet kennis dra. Groot krappe verskyn ook in die rivier. Daar is sprake van Eskom wat nuwe kragstelsel oor die rivier wil hê.

14. PLAASLIKE SAKE

14.1 De Lange Uitbreiding

Die dokumente soos ontvang vir nuwe uitbreiding is nog in 'n Kennisgewing Proses.

14.1.1 Lae Waterdruk

Terugvoering sal met volgende vergadering gegee word.

14.2 Fraaiuitsig

Seashellstraat word weer aangemeld vir skoonmaak.

14.3 Klein Brakrivier

'n Klage oor Olckersweg 28, Reebok, van kragtrade wat op 'n dak skuur is ontvang.

Vele klagtes word ontvang van twee opeenvolgende naweke waar kampeerders en motorfietsse op privaat gronde tente opslaan. Riverside kan nie optree nie. Klagtes nature en uitvoering van pligte by Munisipaliteit wek kommer. Veral by ontvangs van oproepsentrum. Die voorsitter stel voor dat SAP en mnr Williams van hulp moet wees. Die voorsitter sal aandag aan die saak gee. Anton en Des sal mnr William besoek om Wetstoepassing te bespreek.

14.3.1 Blouvlagstatus. Geen probleme.

14.4 Reebok

'n Voorstel aan Munisipaliteit vir die skoonmaak van seeswembad is ontvang. Sekretaresse sal skrywe rig. Len noem dat die swembad nie deur die Munisipaliteit gebou is nie.

14.4.1 Noord van die Spoorlyn

Geen probleme nie.

14.4.2 Suid van die Spoorlyn

Geen probleme nie.

14.5 Reebokhoogte

14.5.1 Koraalsingel 43

Bespreek by Punt 7.1 asook op Aktiwiteitslys.

14.5.2 Elektriese Kaste

'n Opvolg skrywe word weer aan die Munisipaliteit gerig.

14.5.3 Onkruidodder

'n Opvolg skrywe word weer aan die munisipaliteit gerig.

14.6 Reebokrif

Geen probleme nie.

14.7 Riverside

Bespreek by Punt 14.3

14.8 Tergniet

'n Versoek dat die Munisipaliteit genader word vir die herstel van die balke by die 6de trap na die kus toe.

14.9 Tergniethoogte

Geen probleme nie.

14.10 Toekoms

Geen probleme nie.

14.11 Eureka Park

Geen probeme nie om aan te meld nie.

14.12 Suiderkruis

Jorrie het gerapporteer dat daar duur duitse motors jaag in die straat. Verkeer sal genader word.

15. KORRESPONDENSIE

Geen korrespondensie

16. ALGEMEEN

16.1 'n Voorstel deur Johann Muller dat Brandbestryding Kursus of demonstrasie vir gemeenskap gereël word, word algemeen aanvaar.

16.2 Op die Hoek van Kaaimansplek en Kaaimansstraat(bo na aan Impala se rigting) is 'n oop erf met 'n groot hoeveelheid vullis wat verwyder moet word.

17. VOLGENDE VERGADERING

Die volgende vergadering vind om 13h00 op 3 Junie 2015 in Reebok Gemeenskapsaal plaas.

18. VERDAGING

Hiermee verdaag die vergadering.

ANNATJIE JANSE VAN RENSBURG
NOTULEERDER

GOEDGEKEUR TYDENS VERGADERING 05/2015 GEHOU OP 3 JUNIE 2015

ANTON DELLEMIJN
VOORSITTER

MBBV AKTIWITEITSLYS 2015/2016	
Onderwerp	Bespreking
1. Midbrak ontwikkeling – voorgestelde grondgebruik verandering vanaf landbou of onbepaalde gebruik of 'n soortgelyke sonering na enige ander grondgebruik vir dorpsstigting	Nov 2015
2. Sake by Regsafdeling	
a. Tennisbane – Klein-Brakrivier (navraag oor eiendomsreg)	Aug 2015
b. Erf 264 en 271, Reebok (vordering van eiendomsreg)	Sept2015
c. Koraal Singel 43 (Vordering). Kruger en Ray sal graag wil weet of planne goedgekeur.	Aug 2015
3.Sloot: tussen R102 & Eureka Park	Aug 2015